

# Sewe 'reuse' en die NG Kerk: 'n turksvy ...?

Jan Bisschoff

Die samelewing in SA het die afgelope tyd nogal dramaties verander. In 2003 het SACLA (South African Christian Leadership Assembly) sewe reuse geïdentifiseer wat die Suid-Afrikaanse samelewing uitdaag en selfs afbreek. Dié reuse is met Goliat van 1 Samuel 17 vergelyk, soos wat die volgende grafiese voorstelling aandui:



Die sewe reuse is:

- 1) MIV/vigs
- 2) Misdaad en korrupsie
- 3) Geweld
- 4) Armoede en werkloosheid
- 5) Seksisme
- 6) Rassisme
- 7) Gesinsgeweld

SACLA het nie net reuse geïdentifiseer nie. Hulle het ook planne uitgewerk hoe kerke in die gemeenskap betrokke kan raak. Hierdie reuse moet gekonfronteer word. Die kerk het hierin 'n belangrike rol te speel.

Wat doen die NG Kerk in dié verband? Dié nadenke hieroor word begelei deur die kerk se geskiedenis.

In die verlede het gemeentes hoofsaaklik aandag gegee aan die nood van hulle eie lidmate. Hierin het die Christelike Maatskaplike Raad (CMR) 'n belangrike rol gespeel. Die staat het die CMR subsidieer. Verder het die Algemene Sinode en streeksinodes inisiatief geneem. In dié proses het lidmate en gemeentes hulle eie verantwoordelikheid onderspeel.

Die interaksie van die NG Kerk en die regering vóór 1994 het dit moontlik gemaak dat die regering die werk van die NG Kerk ondersteun het. Dit het 'n afhanklikheid geskep wat later die werk laat vasdraai het as gevolg van 'n tekort aan geld.

Die nuwe politieke era sedert 1994 het die NG Kerk met die dilemma konfronteer van hoe om projekte in die samelewing te befonds. Hy moes sy teologiese posisie heroorweeg: Verantwoordelikheid in die samelewing hang af van die verstaan van missie en visie. Die roepingsverklaring van die kerk is 'n antwoord op hierdie vraag.

Wat gebeur egter op grondvlak? Hoe reageer gemeentes op die sosiale reuse wat die samelewing bedreig? Die *Kerkspieël*-opname van 2006 onder predikante het spesifiek hieraan aandag gegee.

Vraelyste is aan 1 927 predikante uitgestuur en 818 is voltooi. Dit verteenwoordig 'n 42%-respons.

Respondente moes op die volgende vrae reageer:

- Gee u gemeente spesifiek aandag aan die volgende sake? Op elk van die sewe reuse is 'n ja- of nee-antwoord gevra.
- Indien "ja", watter aksies loods u gemeente?
- Hoe is uself betrokke?

Tabel 1: Respons: gee u gemeente spesifiek aandag aan die volgende sake?		
	Ja%	Nee
Armoede en Werkloosheid	80	769
Gesinskrisisse	71	753
Misdaad en Korrupsie	42	738
Geweld	38	768
MIV/vigs	35	785
Rassisme	33	763
Seksisme	14	762

Ek gee net aandag aan die response op die eerste vraag: eers 'n oorsig (tabel 1), dan response volgens gemeentekategorie (tabel 2), en laastens volgens bedieningsmodel (tabel 3).

### Watter 'reuse' (tabel 1)?

Sommige van die reuse het 'n direkte impak op die NG Kerk, terwyl ander s'n weer baie minder is.

Die sewe reuse verwys na die groter samelewing van SA. In die wit gemeenskap, omtrent 9% van die bevolking van 48 miljoen mense, is die drie reuse met die grootste impak armoede/werkloosheid, gesinskrisisse en misdaad/korrupsie. Die probleem van MIV/Vigs het nie dieselfde impak soos in die swart gemeenskap nie. Dit verklaar die lae posisie van dié reus in die respons.

Terselfdertyd is dit opvallend dat die wit gemeenskap nie rassisme en seksisme as 'n probleem sien nie. Die volgende redes kan dit verklaar:

- Kulturele verskille aangaande seksisme en rassisme.
- Vrees vir die reaksie van wit kerklidmate dat rassisme weer eens genoem word – skuldgevoelens en die begeerte om die verlede agter te laat.
- Teologiese redes: 'n Lang tyd is die politieke bestel teologies gewettig.

Die geheelrespons is teleurstellend. Minder as 50%

van gemeentes gee spesifiek aandag aan die probleme wat vyf van die sewe reuse skep!

### Respons volgens gemeentekategorie (tabel 2)

Gemeentes kan gekategoriseer word volgens die plaaslike konteks. Op die oomblik verdeel ons gemeentes van die NG Kerk in die volgende vier kategorieë:

- 1) Gemeentes wat in heel klein dorpies/gemeenskappe geleë is waar daar net een NG leraar is.
- 2) Gemeentes in dorpe wat so groot is dat daar twee tot vier NG leraars werk (ongegag die aantal gemeentes).
- 3) Gemeentes in 'n dorp met meer as vier NG leraars, ongeag die aantal gemeentes.
- 4) 'n Gemeentes in stedelike gebiede wat woonhuise, meenthuise, woonstelle en ook kleinhowes kan insluit.

Die verskille in response kan soos volg verklaar word:

- Sowel materiële as menslike hulpbronne speel 'n belangrike rol in die vermoë van gemeentes om betrokke te raak in die stryd teen die sewe reuse. Gemeentes in 'n klein plattelandse konteks het dit moeilik om ekonomies te oorleef. Dit maak dit dus moeilik om 'n volhoubare bediening in stand te hou.
- Gesagstrukture speel 'n belangrike rol in die vermoë van gemeentes om aan die samelewingskrisisse

**Tabel 2: Gemeentekategorie en “ja”-response op die vraag of die gemeente spesifiek aandag gee aan sake aangaande die “sewe reuse”**

	Klein platteland		Groot platteland		Groot dorp		Voorstedelike stad		N
	%	f	%	f	%	f	%	f	
<b>Armoede en Werkloosheid</b>	64	108	83	134	83	99	85	270	769
<b>Gesinskrisisse</b>	56	89	75	121	77	91	74	231	753
<b>Misdaad en Korrupsie</b>	31	49	34	53	52	60	47	147	738
<b>MIV/vigs</b>	31	52	28	46	37	46	41	133	785
<b>Geweld</b>	29	48	30	48	41	49	46	148	768
<b>Rassisme</b>	26	43	29	47	39	47	36	113	763
<b>Seksisme</b>	6	10	12	19	13	16	20	62	762

deel te neem. Wat lidmate van hulle leraar verwag in terme van bediening en ondersteuning, bepaal ook wat hulle hom of haar sal toelaat om te doen. Verder is die visie en oortuiging van die leraar self belangrik. Konflik tussen leraar en gemeente lei telkemale tot ondergang van beide.

bekend as “Kombinasie”).

Volgens hierdie respons is gemeentes waar lidmate in ’n kleingroep deel neem méér betrokke daarby om iets te doen aan die sewe reuse as gemeentes wat ’n tradisionele bedieningsmodel volg.

### Respons volgens bedieningsmodel (tabel 3)

’n Ander manier om die response te beoordeel is om deur die lens van bedieningsmodelle te kyk.

Die tradisionele bedieningsmodel verdeel die gemeente in wyke met diakens en ouderlinge. Komitees bestuur die werk van die gemeente en doen aan die kerkraad verslag. Dié model was baie jare lank die enigste in die NG Kerk (in tabel 3 word hierna verwys as “tradisionele”).

In die afgelope 20 jaar het transformasie in die NG Kerk plaasgevind. Die opkoms van die kleingroepbediening het ruimte geskep waar lidmate mekaar bedien, Bybelstudie doen en met verskillende projekte uitreik (in tabel 3 aangedui as “Groep”). Sommige gemeentes probeer steeds om die ou model te behou en terselfdertyd die nuwe te implementeer (in tabel 3

### Samevattend

Plaaslike probleme (armoede en gesinskrisisse) bepaal die respons van die NG Kerk. Rassisme en seksisme beïnvloed dit die minste.

Voorstedelike gemeentes is méér betrokke as plattelandse gemeentes. Gemeentes met ’n kleingroepbediening doen ook méér as gemeentes met ’n tradisionele bedieningsmodel (wyke, ens).

Die impak van die kerk begin by sosiale optrede – daar waar ’n gemeenskap ervaar dat die plaaslike kerk betrokke is. Dáár word verhoudinge gebou en die evangelie aantreklik gemaak.

Die sewe reuse bied ’n geleentheid vir so ’n betrokkenheid. Terwyl daar empatie met die plaaslike gemeente is wat nie alles kan doen nie, is dit tog so dat negatiewe persepsies gevorm word wanneer die kerk by dié sake afwesig is.

**Tabel 3: “Ja”-respons op die vraag of die gemeente spesifiek aandag gee aan volgende sake (in %)**

	Tradisioneel		Groep		Kombinasie		N
	%	f	%	f	%	f	
<b>Armoede en Werkloosheid</b>	73	322	87	166	88	106	751
<b>Gesinskrisisse</b>	64	279	81	148	77	91	735
<b>Misdaad en Korrupsie</b>	38	160	51	94	43	49	722
<b>Geweld</b>	34	147	48	94	36	43	751
<b>MIV/vigs</b>	29	129	44	87	42	52	773
<b>Rassisme</b>	29	129	40	73	33	40	746
<b>Seksisme</b>	9	39	22	42	21	25	746
<b>Maksimum totaal van elke kolom</b>		462		205		128	773